



Die Voortrekkers Transvaal

NOORDELIKE PD KAMP 2022



KAMPLEIER

Henk Lottering : 084 4090 132
: HENK.L01@curroholdings.co.za

KAMP ADMIN

Antoniet Neethling : 061 354 3747
: antonetnpdk@gmail.com

“Blye vooruitsig na ‘Amper normaal’”

Ontdek die paradys van die Noorde. Baljaar by ons eie glyklip en onderneem staptogte op kronkelpaadjies met bome wat so hoog is dat hulle toppe skaars sigbaar is. Ontdek die geheime en versteekte watervalle in ons eie feetjeland.

TYDPERK: Woensdag 23 Maart 2022 om 14:00 tot Sondag 27 Maart 2022 om 12:00. (Opening stiptelik om 17:00, dan moet alle tente reeds opgeslaan wees) Registrasie vanaf 14:00. Die kamp voorsien eers vanaf Woensdagaand etes.

PLEK: Faerie Glen Kampterrein (**Westfalia**) tussen Duiwelskloof en Tzaneen.

ALGEMEEN

1. **Elke groep van 6 kinders moet vergesel wees van ten minste een VOLWASSENE.** (Dit is veral belangrik vir Graad 1 en 2) Indien dit nodig sou wees, sal kinders wat nie van 'n volwassene vergesel word nie, se inskrywing gekanselleer word. Let wel: Gr 1 en 2 kindertjies mag by hul ouers slaap, maar is verder ten volle deel van die kamp. Ouers neem ten volle deel aan die kampprogram en pligte van volwassenes.
2. **Kommando's** moet verseker dat die kursus waarvoor die kind inskryf, die regte een is en dat hulle **geregistreeerde** Voortrekkers is.
3. Elke kind moet asseblief 'n pakkie koekies met vulsel en 'n rol toiletpapier saambring wat ingehandig word met registrasie.
4. Selfoon opvangs is baie swak. Indien 'n kind 'n selfoon saambring sal dit ingehandig **moet** word met registrasie en weer uitgedeel word as die kamp verby is. Die kampbestuur aanvaar geen verantwoordelikheid vir selfone of enige elektroniese toerusting wat wegraak of beskadig word nie.
5. Daar sal 'n snoepie op die kamp wees. Sakgeld moet in banksakkies verpak en gemerk wees met die kind se naam. Dit word ingeneem met die eerste kursus sessie.
6. Volwassenes bring vir jouself 'n lekker stoel saam om op te sit.
7. Elkeen sorg vir sy eie **waterdigte** tent. Dit reën gewoonlik.
8. Volwassenes bring eie tente/woonwaens.
9. 'n Spesiale program word gereël vir die Maroelas (Kleuters) van Offisiere en Ouers.
10. **By kansellasië korter as twee weke sal die volle kampgeld verbeur word.** Met Covid in gedagte sal spesiale aandag hieraan gegee word.
11. **Geen laat inskrywings kan aanvaar word nie. Dit veroorsaak allerhande/onnodige probleme vir Admin en Kursusleiers wat klaar met hul aankope en voorbereidings vir hul kursusse begin het. Die sluitingsdatum vir Kommando-inskrywings is 2 Maart 2022.**
12. Die volgende inskrywingsdokumentasie word aan jou kommando gestuur of is ook beskikbaar op die webblad.
 - a. Vorm “A” vir Jeuglede;
 - b. Vorm “B” vir Volwasse lede;
 - d. Vorm “C” Naamlyk volgens kursusse.
 - e. Vorm “D” vir Opsomming van getalle.
13. Almal moet 'n Vrywaringsvorm voltooi, indien nie reeds by kommando (L10 of L11)

14. Kampgeld moet aan jou kommando betaal word en die kommando betaal die kamp met 'n eenmalige betaling.
15. **Kinders of volwassenes met onderliggende toestande wat hulle 'n hoër risiko maak vir Covid sal nie toegelaat word om te kamp sonder 'n spesiale sertifikaat van 'n mediese dokter nie.**
16. **Alle Covid-reëls en regulasies sal streng toegepas word tydens die kamp.**

BRING ASB JOU ONDERBAADJIE, LANG DENIMBROEK, VOORTREKKERHEMP EN SEILSKOENE SAAM – VERPLIGTEND vir Gr. 4-7

LW: Niemand mag die kamp verlaat voor 12:00 op Sondag 27 Maart 2022 nie.

KURSUSSE EN KAMPGELD:

WIE	KOSTE	KURSUSSE
Graad 1	R590	Tuinier
Graad 2	R590	Dierewaarmeming
Graad 3	R590	Handwerk
Graad 4	R590	Plantekennis
Graad 5	R590	Touwerk
Graad 6	R590	Spoorsny
Graad 7	R590	Veldbewustheid / Medemens
Kleuters (Maroelas)	R480	Eie program
Offisiere/Staatmakers/ Heemrade/Ouers	R490	
Kombuis/Kursusleiers	R420	

SLUITINGSDATUM VIR INSKRYWINGS: 2 Maart 2022.

(Let asb.op julle eie kommando se sluitingsdatums wat vroeër is)

Stuur inskrywings per epos na antonetnpdk@gmail.com

Kursuspet se geld is ingesluit by jou kampgeld.

Kom geniet 'n lekker kamp in die Limpopo Provinsie.

NPDK Groete

**Oom Henk
KAMPLEIER**